# Die Lewende Kerk



# Bergbron Gemeente

*Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding*

*Sondag 13 Maart 2016*

## Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur pastor Gordon Calmeyer

## Omgee:

- Oom Johan Steyn se kankertelling het drasties afgekom van 380 na 9,76! Prys die Here!
- Danie de Klerk sterk tans tuis aan na sy operasie.
- Lohann Briel is stabiel maar nog steeds ernstig siek. Sy bloedplaatjietelling sukkel om op te tel.

## Offergawes: ◊

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges.
Ongemerk: instandhouding van die erediens.

# Afkondigings: ☼

- Onthou ons **aanderediens** wat fokus op die jeug **vanaand** om 17:30. Almal is welkom om dit by te woon.
- **Kinderkerk**: al die kinders van 3 jaar tot graad 7 gaan vandag van 09:00 af na die klaskamers.
- **Oorwinnaars** word hierdie naweek in Reitz aangebied (11-13 Maart).
- **Die Paasnaweek** is vanjaar reeds van 25 – 28 Maart. Ons **Goeie Vrydag erediens**, waartydens ons ook Nagmaal sal vier, is om **09:00 op 25 Maart**.
- **Tee/koffie skinkbeurte** – **vandag** is dit Groep 5, Sophie, Santjie en Susan le Roux. Volgende 3 Sondae is daar geen teeskink nie weens die vakansie.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

# Gebed: Teen die Gety

*Gedeeltes aangehaal uit die boek , **Teen die Gety**, van Dr. Bennie Mostert. Uitgegee deur Christelike Uitgewersmaatskappy, Vereeniging.*

**Inleiding**:

Hierdie reeks is **eerstens** bedoel vir mense wat wil verstaan wie hulle is en waarheen hulle op pad is. As ons ons posisie voor God en in Christus sal verstaan, sal dit ons bemoedig om op te staan, teen die gety in te gaan, in die geloof aan die kruis vas te hou en meewerk om versoening in 'n onversoende wêreld te bring.

Hierdie reeks is **tweedens** geskryf vir 'n tyd soos ons tans beleef.. In sommige opsigte is dit 'n desperate, moeilike, hopelose, traumatiese tyd waar dit lyk of alles tevergeefs is. Dr. Bennie skryf dat hy hoop gevind het uit dit wat die Here vir hom uit die Skrif oopgemaak het en wat hy in die bladsye van sy boek met ons deel. Hy haal sewe uitgangspunte vir die lewe vorentoe aan waarvolgens hy sy lewe wil inrig:

- Verwag groot dinge van God, pak groot dinge vir God aan.
- Buitengewone uitdagings skep buitengewone geleenthede.
- Jy kan 'n land alleen verander deur buitengewone optrede en maatreëls wat geanker is in geloof in God vir wie niks onmoontlik is nie.
- Buitengewone omstandighede en hindernisse noodsaak buitengewone geloof, hoop, moed, aksie en volharding.
- Ons het 'n buitengewone God nodig vir buitengewone situasies,en ons hét een.
- Niks is vir God onmoontlik nie (vlg. Gen. 18:14; Mark. 10:27)
- God is in staat om te doen ver bo wat ons kan bid of dink, deur sy krag wat in ons werk (vgl. Ef. 3:20)

Hierdie reeks is **derdens** geskryf om gemeentelede op te roep om Christus *radikaal* te volg. Ons Christenskap moet *radikaal, totaal en integraal* wees. Dit is die eis wat Jesus aan sy dissipels stel.

*By geleentheid het Kees Monk, 'n Deense leraar, geskryf*:
" What is the task of the preacher today? Shall I answer faith, hope and love? That sounds beautiful. But I would say courage. No, even that is not challenging enough to be the whole truth. Our task is recklessness. For what we Christians lack is a holy rage: recklessness that comes from the knowledge of God and humanity. A holy anger about the things that are wrong in the world. A rage about the ravaging of God's earth and the destruction of God's world. A rage when little children die of hunger while the tables of the rich are sagging with food. To rage at the senseless killings. To relentlessly seek the recklessness that will challenge and will seek to change the world till it conforms to the norms of the Kingdom of God… And remember the signs of the Christian church were always the Lamb, the Fish and the Dove, but never the Cameleon."

Mag hierdie reeks daartoe bydra dat lidmate en gemeentes sal opstaan en aan hulle hemelse roeping en opdrag getrou sal wees. Mag ons 'n nuwe generasie dissipels sien wat hulle kruis sal opneem en Christus Jesus sal volg ongeag waarheen, die prys en gevolge.

- **Terloops, jou kommentaar oor die gebedsriglyne en motiveringstuk in DLK sal waardeer word. Laat weet gerus vir Gerhard Botha wat jy dink. (tel. 011 477 4971 of sel. 083 537 9770)**

# Lekker verjaar …!

Verjaardae in die week:

| | | |
|---|---|---|
| 14/03 | ARIADNE BRIEL | 011 477 2133 |
| 15/03 | JOHANN MÜLLER | 082 555 9666 |
| 15/03 | HILDA SCHOURIE | 011 477 1569 |
| 16/03 | CARLA VAN DEN HEEVER | 076 337 7678 |
| 16/03 | IAN ZIETSMAN | 079 488 1278 |
| 17/03 | KAYLEIGH KRUGER | 084 915 7087 |
| 19/03 | MICHAEL ACKERMAN | 071 682 3806 |

# Mag die Here jou oorvloedig seën

# Wil jy by die gemeente aansluit?

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy ‘n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan (011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor (011 673 9705).

# Bergbron besonderhede

**Bergbron webwerf:**www.bergbron.org.za

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029, stephan@bergbron.org.za

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792,vernonfor.vf@gmail.com

Gebedsgroep –Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

**Bankbesonderhede**: Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705 **kantoor@bergbron.org.za**

**Diakens**: kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480; Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

# Ander nuus

- Arise! Vir alle kinders (en ouers) op 23 April soggens by Bergbron. Gesels met Susan en Gerhard Botha vir inligting.
- GiG – God is Groot byeenkoms by Laerskool Louw Geldenhuys op 23 April van 16:00 tot 21:00.